SENTRAAL-SUID
KOÖPERASIE • CO-OPERATIVE
BPK • LTD

31 Augustus 2018

Geagte SSK Moutgarsprodusent

MOUTGARS RISIKO HEFFING 2018/19

Volgens die moutgars model wat die afgelope paar jaar van toepassing is, dra SSK as opberger die grootste deel van die kwaliteitsrisiko van moutgars in SSK silo's opgeberg tot en met aanvaarding daarvan deur die mouterye in Caledon of Alrode. Dit verlies van afkeurings is gelykwaardig aan die verskil tussen die ex-moutery gelewerde moutprys (drakoste vir die periode na oestyd tot Oktober die volgende jaar wanneer dit versend word ingesluit) en die voergarsprys (afgelei van die mielieprys).

Ter wille van verantwoordelike bestuur, het SSK se direksie enkele jare gelede besluit om 'n "moutgars risiko heffing" op alle moutgars wat by SSK gelewer word, te implimenteer.

Vir die komende 2018/19 seisoen het die direksie besluit om dieselfde praktyk te volg, maar die bedrag te verlaag na R100/ton. Die R100/ton heffing sal net soos verlede jaar van produsente verhaal word en in 'n poel bestuur word ten einde die risiko van afkeurings te ondervang. Die poel sal so spoedig moontlik nadat die moutgars in totaal versend is, afgesluit word en die balans van die heffing in die poel plus rente (bereken volgens SSK se kredietrekeningkoers) sal aan produsente uitbetaal word voor einde Oktober die daaropvolgende jaar.

SSK glo dat hierdie 'n onvermydelike en verantwoordelike aksie is ten einde die organisasie en sy lede te beskerm en 'n volhoubare moutgarsbedryf te verseker.

Die uwe

C.H. DE BEER
HOOFBESTUURDER: BEDRYWE